B7.4

# BOIPATONG KASSETTE

**18 Junie 1992**
**12:35 - 14:52**

**Lanierkassette**
**1 1B, 1 2B**

**Volume 4**
**(Bladsye 266 - 399)**

**VLOK OPNAMENS EN TRANSKRIPSIES BK**
**REG. NO. CH89/21241/23**

(Kanaal 2)

12:35 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) Fox 2. Fox 10, dit is Fox 2.

TWEEDE PERSOON: Fox 10, 2, kaptein.

TWEEDE PERSOON: Ja, ... (onhoorbaar), oor.

EERSTE PERSOON: Ja, ekskuus kaptein?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) Fox 2.

---oOo---

12:37 EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0, NA al hierdie voertuie wat nou onttrek het. Die opdrag het verkeerd deurgekom. Sersant Le Roux het seker maar die kolonel verkeerd verstaan. Slegs sersant Le Roux se Casspir moet onttrek word by die garage. Dan moet een lid van elke voertuig van - nee, ek jok - een lid van sersant Le Roux se seksie, van ons Victor 0 seksie dan moet dan saam met die Nyalas wat daar aangekom het, moet een van ons lede op elke Nyala klim. Die fotograaf se Casspir moet bly en klaar maak. Die Casspirs wat vasstaan by gebrande huise moet bly ek klaar maak. Almal van julle gaan voort waar julle besig is. Niemand andersins onttrek nie. Het julle hom so?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

12:38 EERSTE PERSOON: 5 Charlie, 5 Charlie, Oscar Bravo 5.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: 5 Charlie, 5 Charlie, Oscar Bravo 5.

TWEEDE PERSOON: Oscar Bravo 5, Victor 0, 5 Charlie is ook in die konferensie met die generaal.

EERSTE PERSOON: Goed, positief. Ons is op pad daarheen, majoor Herholdt, kaptein Opperman. Kan jy dalk vir ons ... (onhoorbaar) 'n hardedopvoertuig wat ons sal kan invat in die gebied?

TWEEDE PERSOON: Ja, moet nie komkommer nie, majoor, ons sal

EEN /...

een reël.

EERSTE PERSOON: Goed, dankie ... (onhoorbaar)

---oOo---

12:39 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Romeo.

TWEEDE PERSOON: By, stuur 5 Romeo.

EERSTE PERSOON: Ag, luister, sal jy my net kontak sodra hy ... (onhoorbaar) gekom het, oor. Laat ons die voertuig vir hulle inbring.

TWEEDE PERSOON: Ja, ontvang. Ek sal dit doen as hulle hier aankom.

EERSTE PERSOON: Okay, ons gaan voort met patrollie self af Boipatong toe, oor.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, baie dankie, 19 Charlie Victor 0.

---oOo---

12:39 EERSTE PERSOON: 19 Bravo Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Bravo, stuur.

EERSTE PERSOON: Kan julle my 'n geraamde skatting van daardie twee polisiemanne se huise se skade gee?

TWEEDE PERSOON: Staan 'n oomblik by asseblief. Foxtrot 2 dit is ... (onhoorbaar). Nog steeds ... (onhoorbaar)

---oOo---

12:40 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Bravo.

TWEEDE PERSOON: Okay, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, dit is tussen 60 en 80 000 beide huise, maar nou moet ek weer vir jou sê, die eerste huis, 19933, R1 positief, hê, positief gesteel.

TWEEDE PERSOON: Wat is positief daar?

EERSTE PERSOON: R1 gesteel.

TWEEDE PERSOON: Okay, so die R1 is een by 19933 gesteel, is dit reg so?

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar), ja.

TWEEDE PERSOON: Okay, ek het hom, dankie.

---oOo---

12:41 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, stuur.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) of jy my kan help? ... (onhoorbaar) een van julle, julle Casspirs om net in te begelei ... (onhoorbaar) as dit moontlik is, asseblief.

TWEEDE PERSOON: Ja, daardie voertuig, ek ontvang jou een uit die vyf. Kan jy weer probeer asseblief?

EERSTE PERSOON: Ek probeer weer ... (onhoorbaar) julle kantoor ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, daardie voertuig, ek ontvang jou glad nie, ek is jammer. Ek weet nie, is daar enige voertuig wat dalk daardie voertuig se boodskap kon lees? (Pouse) Ja, negatief. Aan die persoon wat die boodskap so pas vir my deurgegee het, ek ontvang jou nie, ek is jammer. Hierdie uitsending is baie, baie swak vandag. Probeer weer as jy jou ligging verander het asseblief.

---oOo---

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) Victor 0 ... (onhoorbaar)

---oOo---

12:42 EERSTE PERSOON: Mike Romeo 1. Victor 0, toestemming?

TWEEDE PERSOON: Gaan voort, Mike Romeo 1.

EERSTE PERSOON: Dankie. Mike Romeo 16, Mike Romeo 16, dit is Mike Romeo 1 berig, oor.

DERDE PERSOON: Stuur, Mike Romeo 1.

EERSTE PERSOON: Ja, Dewald, hoe ver is julle daarvanaf, van ... (onhoorbaar) af, oor.

DERDE PERSOON: Ja-nee, kaptein, dit gaan seker maklik nog 'n

uur /...

uur wees, oor.

---oOo---

12:42 EERSTE PERSOON: Ja, Mike Romeo 1, het jy my ontvang? Oor.

TWEEDE PERSOON: Bevestig, ja, ek het jou ontvang, oor.

---oOo---

12:42 EERSTE PERSOON: 5 Hotel 1, 5 Hotel 5. (Pouse) 5 Hotel 1, 5 Hotel 5.

12:43 TWEEDE PERSOON: Staan net 'n oomblik by alle voertuie. Kolonel gee nou 'n boodskap vir julle.

---oOo---

EERSTE PERSOON: Victor 0, ... (onhoorbaar) berig, oor. 5 Hotel 1 of 5 Hotel, dit is 5 Romeo berig, oor.

TWEEDE PERSOON: Hoe gaan dit?

EERSTE PERSOON: Kan iemand my sê, huis 19933 en 19934, waar sal daardie huise om en by wees, oor, die polisiemanne se wonings?

DERDE PERSOON: Daardie voertuig wat daardie huise ... (onhoorbaar) Charlie.

EERSTE PERSOON: Okay, stuur.

DERDE PERSOON: Ja, dit is reg langs die "hostels", oor. Hierdie "hostels" naby die skool.

12:44 EERSTE PERSOON: Okay, dit is daardie huise wat, daardie huise het reeds gebrand?

DERDE PERSOON: Herhaal jou boodskap.

EERSTE PERSOON: Is dit daardie huise wat reeds gebrand het?

DERDE PERSOON: Ja, dit is bevestigend, oor. Die een het gebrand.

EERSTE PERSOON: All right, is daar nog enige klerasie en goete oor in die een huis?

DERDE PERSOON: Dit is bevestigend. Ons help vir die goed

uitdra /...

uitdra, oor.

EERSTE PERSOON: Okay, Roger. Ek het nou een man hier van die stasie wat saam my sal kom. Ons moet glo die goete, ... (onhoorbaar) huis en 'n ander huis gou-gou ... (onhoorbaar) al sy ... (onhoorbaar) en dan uitbring hier buite toe.

DERDE PERSOON: Roger 'sant. Ons is hier. Jy sal ons sien.

EERSTE PERSOON: Okay, ons is op pad.

---oOo---

12:44 EERSTE PERSOON: Okay, Victor 0 na al die voertuie. Alle voertuie julle moet asseblief nou baie mooi luister. Kolonel Schutte se opdrag: Cecil Ramaphosa en Joe Slovo, sekretaris-generaal en al daardie dinge van die ANC is op pad in daardie
1212:44 gebied in. Opdrag van die generaal moet julle daardie twee mense los, laat hulle doen wat hulle wil. As hulle wil breek moet hulle breek en as hulle wil skiet moet hulle skiet, maar julle moet die twee mense los.

TWEEDE PERSOON: 4 Romeo, ontvang.

DERDE PERSOON: Charlie, ons ontvang.

VIERDE PERSOON: ... (onhoorbaar) Bravo, ontvang.

---oOo---

EERSTE PERSOON: 05 Hotel 5.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar), doen my 'n guns asseblief. Kontak ... (onhoorbaar) en vra net vir Chris of dit moontlik is (masjien af, masjien aan) in verband van ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, jy roep van?

EERSTE PERSOON: Van 5 Hotel ... (onhoorbaar), oor.

TWEEDE PERSOON: 5 Hotel 4?

EERSTE PERSOON: Negatief. 5 Hotel ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: 5 Hotel hoeveel?

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, gee nou net weer jou roep. Van?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) 5 Hotel 5.

12:46 TWEEDE PERSOON: Ek het hom, dankie, 5 Hotel, Victor 0.

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar), oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, kan 5 Hotel 5 gou-gou Boipatong verlaat net om diesel te gaan ingooi?

DERDE PERSOON: Positief, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, positief, 5 Hotel 5, daar gaan julle.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

12:47 EERSTE PERSOON: Casspir in Sebokeng, Victor 0. (Pouse) Die Casspir in Sebokeng, dit is Victor 0. 5 Hotel, Victor 0. 5 Hotel, Victor 0. 5 Hotel, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Ja, 5 Hotel by stuur.

EERSTE PERSOON: Watter Casspir doen Sebokeng?

TWEEDE PERSOON: Negatief. Nie een van sy voertuie doen Sebokeng nie. Dit is dalk een van die 19 voertuie of van die ander.

EERSTE PERSOON: Ja.

---oOo---

12:48 EERSTE PERSOON: 5 Lima, Victor 0. (Pouse) Okay, 5 Hotel, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Hotel by stuur.

EERSTE PERSOON: Okay, dan sê jy nou vir my Casspir aan om Sebokeng te doen. Daar moet 'n voertuig in Sebokeng en in Sharpeville wees. Sê vir my wie moet hom doen?

TWEEDE PERSOON: 5 Hotel 1, 5 Hotel. 5 Hotel 1, 5 Hotel.

DERDE PERSOON: Stuur.

TWEEDE PERSOON: Waarmee is julle nou besig? Oor.

DERDE PERSOON: Ons wag vir die lykswa.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) 5 Hotel 5, kan hulle nie as hulle klaar diesel het maar Sebokeng toe gaan nie?

TWEEDE PERSOON: Positief, oor.

EERSTE PERSOON: Ontvang 5 Hotel 5, Victor 0.

---oOo---

12:49 EERSTE PERSOON: Victor 0, dit is Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, ek soek 5 Hotel 5 saam met daardie afgedeelde dienste se mense nou hierso in Boipatong of een van die Nyalas, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, hulle gaan nou diesel ingooi, oor.

TWEEDE PERSOON: Roger, jammer, dame.

---oOo---

12:49 EERSTE PERSOON: 5 Hotel 5, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is 5 Hotel 5, stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, as julle klaar diesel gekry het, beweeg Sebokeng toe en doen vir my Sebokeng. Julle bly slegs in Sebokeng. Het julle dit so?

TWEEDE PERSOON: Ja, ek het so ontvang, oor.

EERSTE PERSOON: Okay, dan as julle klaar diesel ingegooi het beweeg na die onluste-ondersoekeenheid toe, dan ontmoet julle daar twee persone van die vuurwapeneenheid, dit is sersant Van der Schyff. Help hom net bietjie daar in die gebied met sy besigheid.

TWEEDE PERSOON: Ontvang. Ek sal so maak.

EERSTE PERSOON: Baie dankie.

---oOo---

(Telefoon, Kanaal 1)

12:36 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON /...

die polisie op Vanderbijlpark gedoen is, wie miskien daarheen gegaan het?

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Lees maar bietjie verder net.

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Is dit dubbel, is dit PB77, nee ... (tussenbei)

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: O, is daar 'n PB nommer?

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja. Hoe laat?

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: 23:12 dieselfde dag.

DERDE PERSOON: ... (onhoorbaar - telefoon lui terwyl gesprek nog voortduur).

---oOo---

12:40 EERSTE PERSOON: Radiokamer, konstabel Bothma, môre, middag.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, kolonel.

TWEEDE PERSOON: Daar is twee Casspirs op Boipatong.

EERSTE PERSOON: Ja?

TWEEDE PERSOON: Daar het twee polisiemanne se huise gebrand daar. Hulle moet net bietjie gaan help daar.

EERSTE PERSOON: Reg, kolonel.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) net vir my kyk wat ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Right. 'Sant, weet ons van die huise wat brand in Boipatong?

DERDE PERSOON: Ja.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar). Majoor, wat is daardie

nommer /...

nommer van daardie huise?

VIERDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

12:41 EERSTE PERSOON: Kolonel ... (tussenbei)

TWEEDE PERSOON: 19933.

EERSTE PERSOON: 19933?

TWEEDE PERSOON: Ja, en 19934, Boipatong.

EERSTE PERSOON: Wat is die volgende ene?

TWEEDE PERSOON: 19934.

EERSTE PERSOON: 19934.

TWEEDE PERSOON: Dit is langs mekaar.

EERSTE PERSOON: Reg, kolonel.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) presies wanneer ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Reg, kolonel, ons gaan so maak. Tot siens.

---oOo---

(Eerste gesprek gaan voort)

EERSTE PERSOON: Wat is daardie PB2503?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Hoe laat is dit?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: 03:20, 03:20.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Seker nie 25 nie, seker 001?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Lag. Ja, dit is, dit moet eintlik 01 wees want daar is nie 25 ure nie.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

12:42 EERSTE PERSOON: Dit moet seker 01 wees want daar is ne 25 ure in 'n dag nie.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: O, 2501? My magtig!

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: 23:30.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Okay.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Hoor hier, nee, laat dit eers daar. Dankie, hoor.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Dankie. Tatta.

---oOo---

(Iemand wat uitskakel)

EERSTE PERSOON: Middag, dit is ... (onhoorbaar). Is kolonel De Villiers daar?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Jong, ek sit nou ... (onhoorbaar). Hy wil 'n storie by my hê oor daardie ... (onhoorbaar)

---oOo---

(Telefoon lui)

12:50 EERSTE PERSOON: Radiokamer, konstabel ... (onhoorbaar), goeie môre.

TWEEDE PERSOON: Hier is vir julle koffie, hoor?

EERSTE PERSOON: Dankie ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Okay, hoor, "bye".

EERSTE PERSOON: Okay.

---oOo---

(Vorige gesprek gaan voort).

EERSTE PERSOON: Middag. Hoe gaan dit daar?

12:50 TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, kan, luister, Willie, ek sal jou sê, om

nou /...

nou nie jou tyd te mors nie, gee my 'n faksnommer daar naby julle, dan gaan ek vir julle 'n kriptiese nota gee oor hoe die ding gebeur het. Jy moet 'n potlood kry dan kan jy neerskryf die eerste ... (tussenbei)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, hy wil gehad het oor, oor, hy sê die aanry met die Casspir.

TWEEDE PERSOON: Ja.

EERSTE PERSOON: Sê dit is "bull shit", man. Skryf dit so neer.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Niks nie. Nee, moet nie ... (onhoorbaar), die eerste, eerste kennisgewing Vanderbijl-polisiestasie, 22:00 het hulle 'n oproep ontvang van 'n blanke in daardie omgewing dat daar geskiet is, daar was skote ... (onhoorbaar) in Boipatong. Toe 22:20, 22:20 was daar 'n rusverstoringklagte ook in daardie omgewing.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: 23:20 toe het 'n persoon in 'n huis ... (onhoorbaar) in Vanderbijl dat daar ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

12:51 EERSTE PERSOON: Ja, ek gaan vir jou daardie ding stuur, maar wat se vrae het jy vir my?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

12:52 EERSTE PERSOON: Vroue-sersant Van Huyssteen.

TWEEDE PERSOON: Goeie middag.

EERSTE PERSOON: Haai, hoe gaan dit?

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Erg.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Hê? Ja, ek het gevat.

TWEEDE PERSOON: Okay.

EERSTE PERSOON: Nee, jis, dit gaan erg hier.

TWEEDE PERSOON: Is dit?

EERSTE PERSOON: Hm-m.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Hê?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Is dit? Hoor hier, né. Wil jy my nie net so voor 16:00 'n luitjie gee dat ek vir jou sê of jy vir Lettie moet gaan haal nie?

TWEEDE PERSOON: Of ek vir jou Lettie ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja.

TWEEDE PERSOON: Ek weet nie of ek haar sal kan gaan haal nie.

EERSTE PERSOON: Hoekom?

TWEEDE PERSOON: Want ek moet nog vir Jay by die skool gaan haal in Meyerton.

EERSTE PERSOON: Is dit?

TWEEDE PERSOON: Ja, so 16:30 se kant.

EERSTE PERSOON: Is dit? O, gatta.

TWEEDE PERSOON: 16:15 se kant.

TWEEDE PERSOON: Okay, ek sal nie regkom nie sal ek maar vir Sophia vra om haar te gaan haal.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

12:53 EERSTE PERSOON: Nee, want dit, ek gaan nie hier kan uitkom nie.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) uitkom nie?

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: Dit gaan wild, bok.

TWEEDE PERSOON: Dit gaan nie so wild nie.

EERSTE PERSOON: Dit gaan wilder as wat jy dink. Nee, hulle is, ons kan nie nou een gaan nie, bok. Hulle het nou al voorstelle van Echo 5 en van Alexandria getrek en van Charlie 2 af. Ons sit nou al met 34 lyke.

TWEEDE PERSOON: Is dit maar al?

EERSTE PERSOON: Dit is baie.

TWEEDE PERSOON: Vir vandag?

EERSTE PERSOON: Hê?

TWEEDE PERSOON: Vir vandag?

EERSTE PERSOON: Van vandag, en hulle brand die polisiemanne se huise. Dit gaan "genuine" wild.

TWEEDE PERSOON: Nee, ek hoor ... (onhoorbaar) polisiemanne se huise.

EERSTE PERSOON: Ja. So ons glo nie ons sal 16:30 hier uitkom nie.

TWEEDE PERSOON: Okay, dan sal ek maar ... (tussenbei)

EERSTE PERSOON: Ek sal maar sien.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar).

EERSTE PERSOON: Okay.

TWEEDE PERSOON: Okay, bok.

EERSTE PERSOON: Okay, bokkie. Lief vir jou. "Bye".

---oOo---

12:50 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) 5 Hotel. 5 Hotel 5. 5 Hotel 5. 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Saam met wie is jy nou op die voertuig? Oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, ek is saam met eenheid 19 se lede, oor.

EERSTE PERSOON: Ontvang.

---oOo---

12:55 /...

EERSTE PERSOON: Hy beweeg ... (onhoorbaar) daar voor.

---oOo---

12:55 EERSTE PERSOON: Victor 0, ... (onhoorbaar) 5.

TWEEDE PERSOON: Stuur ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, iemand se Casspir hier in Sebokeng werkgebied sewe.

TWEEDE PERSOON: Ja, negatief. Een van my Casspirs gaan nou diesel ingooi dan gaan hy beweeg tot by die onlus-ondersoek-eenheid waar hy vuurwapeneenheid-mense gaan optel om hulle te begelei die gebied in.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger. Vra hulle moet net sommer hier by my ook aankom, ek het net 'n klagte wat ons ook wil gaan doen, 'n man wat met klippe gegooi word.

TWEEDE PERSOON: Ja, waar is jy?

EERSTE PERSOON: By die onluste-ondersoekspan, oor.

TWEEDE PERSOON: Wie praat nou?

EERSTE PERSOON: Luitenant ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Sê net weer wie?

12:51 EERSTE PERSOON: Luitenant Cilliers en luitenant Cronje, oor.

TWEEDE PERSOON: Goed, luitenant, ek maar vir jou so, oor. 5 Hotel 5, Victor 0. 5 Hotel 5, Victor 0. 5 Hotel 5, Victor 0.

12:51 DERDE PERSOON: Ja, dit is 5 Hotel 5. Ek het ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Het jy ontvang?

DERDE PERSOON: Bevestigend, ja.

TWEEDE PERSOON: Dankie.

---oOo---

12:53 EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0, 5 Romeo.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Vind net vir my uit of daar enige voertuig in

die /...

die omgewing daar by, ag by daardie, by die garage is daar, oor.

TWEEDE PERSOON: 5 Hotel 1, Victor 0. 5 Hotel 1, dit is Victor 0.

DERDE PERSOON: 54.

TWEEDE PERSOON: Ja, 'sant André, is julle nog daar by die garage? Oor.

DERDE PERSOON: Ja, ons is 'n entjie van die garage af. Is daar 'n klagte?

12:54 TWEEDE PERSOON: Negatief. Staan net by vir die boodskap van 5 Romeo. 5 Romeo, Victor O.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar), ons wil net uitvind miskien of daar 'n persoon is miskien met magtiging oor, dat ons probeer om daardie Canter in te bring tot hierso by hierdie huis om hierdie ou se meubels en goete uit te kry.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, 5 Hotel 1?

DERDE PERSOON: Ja, ... (onhoorbaar), dit is net die ... (onhoorbaar) van die Casspirs self wat ek hier ... (tussenbei)

TWEEDE PERSOON: Roger. Het 'sant-hulle enige voertuig daar rond?

---oOo---

(Vorige telefoongesprek gaan voort, kanaal 1)

EERSTE PERSOON: Hoor hier, all right, maar luister, kry gou daardie ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) en hoeveel beseer? Ons wil beseerdes ook weet, hoor.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Okay.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Right-o, brig.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

12:54 EERSTE PERSOON: Right, ons sal gou-gou net ... (onhoorbaar), maar daar is geen so storie. As enigiemand jou vra dan sê jy nee, jy het nie vooraf geweet nie. Ek het MIDs hierso, ek het ... (onhoorbaar) hierso, ek het al die stasies gekontak en daardie wat ek vir jou gegee het ... (onhoorbaar) en al daardie goete, van die eerste en ... (onhoorbaar).

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ek dink dit is ... (onhoorbaar) 35.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja, dankie. Daar mag dalk ... (tussenbei)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) tussen die "shacks", jy weet?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Right. Lekker bly, man. ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Nee, nee, nee. ... (onhoorbaar)

---oOo---

(Kanaal 2)

12:54 EERSTE PERSOON: Victor 0, ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Bly stuur.

EERSTE PERSOON: 'Sant Bothma, ek het ongelukkig net vir ... (onhoorbaar) wat die voertuig bestuur, oor. Dit is al.

TWEEDE PERSOON: Roger. Dankie, so ontvang. 5 Romeo, Victor 0.

DERDE PERSOON: Stuur.

TWEEDE PERSOON: Ja, die enigste voertuig wat daar is het nie nog ekstra swart voertuigbestuurders nie, oor.

DERDE PERSOON: Nee, ek het ontvang, dankie. Ek sal self ... (onhoorbaar) /...

(onhoorbaar)

---oOo---

12:55 EERSTE PERSOON: Victor 0, Echo 5.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur, Echo 5.

EERSTE PERSOON: Ja, kan ek asseblief toestemming kry met 5 Romeo?

TWEEDE PERSOON: Ja, roger, gaan voort.

EERSTE PERSOON: 5 Romeo, Echo 5.

DERDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, 'sant Marius ... (onhoorbaar) wil net hoor of ons maar kan gaan as ons klaar is hier?

DERDE PERSOON: Daardie is bevestigend, oor. Net daardie wapens en goete mooi toesluit en dan moet julle vannaand bietjie vroeër aan diens kom. Ons moet 20:15 by die eenheid wees want hier kom weer voertuie deur Victor 0 se ligging toe, oor.

EERSTE PERSOON: Roger. So ontvang. ... (onhoorbaar) so oordra na die mense.

DERDE PERSOON: Okay.

---oOo---

12:55 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 4.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, ... (onhoorbaar) voertuig ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, ek ontvang jou glad nie.

---oOo---

(Telefoon lui, kanaal 1)

12:57 KST. DIGELEN: Radiokamer, konstabel Digelen, goeie môre.

TWEEDE PERSOON: Wie praat nou?

KST. DIGELEN: Konstabel Digelen.

TWEEDE PERSOON: Hoor hier, konstabel, ... (onhoorbaar) hierso.

KST. DIGELEN: Ja.

TWEEDE PERSOON: Hoor hier, ek het 'n polisieman van ons wat ... (onhoorbaar)

KST. DIGELEN: Ja?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KST. DIGELEN: Ja, gaan maar voort.

TWEEDE PERSOON: Dankie. ... (onhoorbaar)

KST. DIGELEN: Huis 284?

TWEEDE PERSOON: Ja, 284.

KST. DIGELEN: Ja?

TWEEDE PERSOON: Qwa-qwastraat.

KST. DIGELEN: Qwa-qwa?

12:57 TWEEDE PERSOON: Ja, Boipatong. Konstabel Mpati. Ek het hom vertel ... (onhoorbaar) twee telefone. Hy sê die mense is besig ... (onhoorbaar)

KST. DIGELEN: Konstabel Mpati?

TWEEDE PERSOON: Ja.

KST. DIGELEN: Met wie praat ek nou?

TWEEDE PERSOON: Konstabel Crowe.

KST. DIGELEN: Konstabel?

TWEEDE PERSOON: Crowe.

KST. DIGELEN: Kan jy dit vir my spel?

TWEEDE PERSOON: Ja, C-r-o-w-e.

KST. DIGELEN: W-i-e?

TWEEDE PERSOON: W-e.

KST. DIGELEN: Goed, baie danke.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KST. DIGELEN: Goed, bye.

---oOo---

(Kanaal 2) /...

(Kanaal 2)

12:56 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Hotel 1.

EERSTE PERSOON: Ilze, 'sant Schoeman het twee ... (onhoorbaar) wat geskiet is op sy voertuig. Hy gaan gou een ... (onhoorbaar) vir hulle vat, oor. Vir daardie ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ontvang. Is dit nou daardie een van Bravo Uniform?

EERSTE PERSOON: Ja, positief, oor.

TWEEDE PERSOON: Ek het hom so, dankie.

---oOo---

12:58 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) Victor 0. 5 Golf, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Golf, stuur.

EERSTE PERSOON: Ag, beweeg vir my asseblief baie vinnig uit na Qwa-qwastraat, huis 284. Ek sê weer, Qwa-qwastraat, huis 284. Dit is 'n konstabel Mpati wat daar bly. Hy is op die foon net ... (onhoorbaar). Hy sê hulle begin al die huis om hom aan die brand steek, oor.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, ontvang. Op pad.

EERSTE PERSOON: Dankie.

---oOo---

12:59 EERSTE PERSOON: Ja, wat is sy nommer, Ilze?

TWEEDE PERSOON: 284.

EERSTE PERSOON: Ontvang.

---oOo---

13:00 EERSTE PERSOON: Victor Echo 10 en Victor Echo 15. (Pouse) Echo 22, Victor Echo 15. Victor Echo voertuig op hierdie kanaal, kom in, Victor Echo 15.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar), oor.

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

(Telefoon lui, kanaal 1)

13:00 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar). Hulle kry al die dinge agtermekaar, dan sal ons ... (onhoorbaar) uitvind wat is in daardie MR van ons en hou by wat ... (onhoorbaar).

TWEEDE PERSOON: Nee, goed so ... (onhoorbaar).

EERSTE PERSOON: Man, ja, ek sal, ek sal vir ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Okay.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja-nee, ons sal feitlik bly. Ons gaan nie spekuleer of niks nie.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Hulle het ons nou lekker bedonder. Hulle het, hulle het wel vir die, kolonel Gouws gekontak ... (onhoorbaar) onluste-ouens is wat nou ... (onhoorbaar). Daardie onlus-eenheid wat van ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Voortgegaan met hulle patrollie ... (onhoorbaar) in Boipatong.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja-nee, ons is nou by die onluste-eenheid in Vanderbijlpark op die oomblik.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

13:02 EERSTE PERSOON: Ja, alles in die haak. Ek sal heeltemal op hoogte hou.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Nee, nee, nee.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: Okay ... (onhoorbaar). Kan u net vir my vasstel wanneer, sou gou moontlik, ek soek net 'n afskrif van ... (onhoorbaar) se verklaring.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Okay.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Die faksnommer hier is 011 ... (onhoorbaar)

---oOo---

(Telefoon lui)

13:03 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) goeie middag.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) hierso. Het jy nie vir my bietjie, het jy gebel ... (onhoorbaar) by Qwa-qwastraat, daardie polisieman se huis ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Ja?

TWEEDE PERSOON: Hoor hier, sê vir my bietjie, wat is julle, wat is julle VB daar asseblief?

EERSTE PERSOON: VB? Okay, hou net gou bietjie aan asseblief. (Pouse) Hello?

TWEEDE PERSOON: Joe.

EERSTE PERSOON: VB sal wees 1203, hoor.

TWEEDE PERSOON: 1203?

EERSTE PERSOON: Ja, dit is reg.

TWEEDE PERSOON: Goed, sê vir my bietjie, wie gaan uitry toneel toe?

EERSTE PERSOON: Hm. Hou net gou bietjie aan, ek kyk gou.

TWEEDE PERSOON: Okay.

EERSTE PERSOON: Wie is uit na die toneel toe van Qwa-qwa? 'Sant O'Reilly, wie is uit na daardie Qwa-qwa klag toe?

SERSANT O'REILLY: Sê weer.

13:04 EERSTE PERSOON: Daardie Qwa-qwastraat se klag.

SERSANT O'REILLY: Wat se klag?

EERSTE PERSOON: Daardie Qwa-qwastraat.

SERSANT O'REILLY: Ja?

EERSTE PERSOON: Wie is uit soontoe?

SERSANT O'REILLY: ... (onhoorbaar), maar hulle kry nie ligging nie.

EERSTE PERSOON: O, o!

SERSANT O'REILLY: Sodra hulle die ligging kry ... (tussenbei)

EERSTE PERSOON: O! Hello?

TWEEDE PERSOON: Ja?

EERSTE PERSOON: Van ons voertuie, 5 Golf.

TWEEDE PERSOON: 5 Golf? Sê vir my, met wie praat ek nou?

EERSTE PERSOON: Konstabel Harris.

TWEEDE PERSOON: Okay, dankie, hoor.

EERSTE PERSOON: Sê my net, het julle dalk nie 'n nader van daardie ... (tussenbei)

TWEEDE PERSOON: Qwa-qwastraat?

EERSTE PERSOON: Ja.

TWEEDE PERSOON: (Pouse) Hello?

EERSTE PERSOON: Hello.

TWEEDE PERSOON: Ongelukkig nie, hoor.

EERSTE PERSOON: Ongelukkig nie?

TWEEDE PERSOON: Ja.

EERSTE PERSOON: Okay, baie dankie, hoor. Bye.

TWEEDE PERSOON: Bye.

---oOo---

(Telefoon, kanaal 4)

12:54 SERSANT O'REILLY: Sersant O'Reilly, môre, of dit is al middag, né?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Okay, waar is ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Luitenant Kloppers is die enigste ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Luitenant, net 'n oomblik.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

SERSANT O'REILLY: Luitenant, my kaptein gaan luitenant vertel. Hy weet beter, hoor? ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Kaptein Roos ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KAPTEIN ROOS: Yes?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KAPTEIN ROOS: Lekker, en jy? Moet julle ook kom help hierso?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KAPTEIN ROOS: Ja?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KAPTEIN ROOS: Wanneer? Nou?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KAPTEIN ROOS: Okay, uh, hoor hier, jy moet op die tolpad moet jy kom.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

12:55 KAPTEIN ROOS: Hoor hier, op hierdie stadium, hier kom nou klomp generale hier by my aan. Kan ek vir iemand vra om jou terug te bel gou?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KAPTEIN ROOS: Wat is jou nommer?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KAPTEIN ROOS: Hello?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KAPTEIN ROOS /...

KAPTEIN ROOS: 8829270. Hou net vir my aan op die lyn asseblief, hoor? Hou net aan, hou net aan. (Pouse) Adjudant Coetzee! Yes, luitenant. ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) afrit van ... (onhoorbaar), op die snelweg van jou af, vat die Vanderbijl-afrit.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Dit is reg.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

12:56 TWEEDE PERSOON: Nee, maar dan moet hulle ry tot hulle die ... (onhoorbaar) afrit kry.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Daar is 'n, daar is 'n bord met Van der Ryst net na die tolhek.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Dit is reg.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar) omtrent agt, nege myl. Kom hulle op die ou Potchefstroompag, die ou Golden Highway.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

12:57 TWEEDE PERSOON: Dit is reg, dan kry hulle die ... (onhoorbaar) kruising.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Draai hulle links op, Vereeniging se kant toe.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Vereeniging.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Dit is reg. Dan kom hulle by nog 'n kruispad, dan is dit nou links by Sebokeng, hulle gaan reguit oor Vereeniging toe.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: Reguit oor, dan gaan hulle met daardie pad reguit aan die dorp in. Die eerste robot sal 'n hoërskool op linkerkant wees en ... (onhoorbaar) aan die regterkant. Daar draai hulle regs. Dan die eerste teerstraat weer links oor 'n treinbrug.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: As hulle oor die treinbrug is ... (onhoorbaar) die derde perseel op, aan hulle regterkant ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar). Dit is reg.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Dit is reg, dan gaan jy aan.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Dit is hy, luitenant.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Okay, luitenant. ... (onhoorbaar)

---oOo---

(Telefoon lui)

EERSTE PERSOON: Radiokamer, konstabel ... (onhoorbaar), middag.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

13:01 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Golf.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, roger. Gee my net 'n nadere ligging aan daardie Qwa-qwastraat. Daardie ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, ek is nou nie seker nie. Ek gaan net gou vir jou op die kaart kyk. Staan net by.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

13:02 /...

13:02 EERSTE PERSOON: 19 Delta. (Pouse) Victor 0, 19 Delta.

TWEEDE PERSOON: Victor 0, bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, ons is, ons is hier op pad na ... (onhoorbaar) garage toe met die diesel Bowser en die voertuig het afgebreek so 500 meter vanaf daardie Caltex-garage op die hoofweg. ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, wat is jou roepsein?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) 19 Delta se bestuurder wat die Bowser bestuur.

TWEEDE PERSOON: Roger.

---oOo---

13:03 EERSTE PERSOON: Victor 0, 50.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur, 50.

EERSTE PERSOON: Victor 0, 50.

TWEEDE PERSOON: Dit is Victor 0. Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ons is in die ... (onhoorbaar) in die lug ... (onhoorbaar) Boipatong. Is daar enige opdragte, oor, van julle?

TWEEDE PERSOON: Staan by, kaptein.

---oOo---

(Telefoon lui)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) goeie middag.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) op hierdie stadium het hulle ... (onhoorbaar), ja en ... (onhoorbaar), maar verder, daar is nie eintlik ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Op hierdie stadium lyk dit gaan nou beter daar ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Nee, ek ... (onhoorbaar)

---oOo---

(Telefoon lui, kanaal 1)

13:05 KONSTABEL HADDAD: Stabiliseringseenheid, konstabel Haddad, goeie middag.

MAJOOR KRUGER: Majoor Kruger hierso. Sê vir my, hoeveel mense is ... (onhoorbaar) omgewing?

KONSTABEL HADDAD: Majoor, op hierdie stadium weet ons van 34.

MAJOOR KRUGER: Ja?

KONTABEL HADDAD: Wat om die ander gebiede, en een in Sharpeville. So dit is 35 saam.

MAJOOR KRUGER: 35?

KONSTABEL HADDAD: Ja.

MAJOOR KRUGER: Goed. Sê vir my die, daar by daardie plakkerskamp daar by Sharpeville ... (tussenbei)

KONSTABEL HADDAD: Naby Sharpeville?

MAJOOR KRUGER: Boipatong of wat ook al, waar daardie klomp dood is. Hoeveel, hoeveel is dit, is daar dood?

KONSTABEL HADDAD: Ja, dit, dit is die 34, ja.

MAJOOR KRUGER: ... (onhoorbaar)

KONSTABEL HADDAD: Ja, dit is almal hulle, ja.

MAJOOR KRUGER: Sê vir my, in Sebokeng self?

KONSTABEL HADDAD: In Sebokeng self is daar, daar is net een voorval, een dood ... (onhoorbaar)

MAJOOR KRUGER: ... (onhoorbaar)

KONSTABEL HADDAD: Ja, ja, dit is nou waar die probleem lê, ja.

MAJOOR KRUGER: Goed, baie dankie.

KONSTABEL HADDAD: Reg, tot siens, majoor.

---oOo---

(Kanaal 2) /...

(Kanaal 2)

13:04 EERSTE PERSOON: Victor 0 ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Herhaal net weer.

EERSTE PERSOON: Is die huis nommer 284?

TWEEDE PERSOON: Bevestigend.

EERSTE PERSOON: Dan staan ek voor die huis, oor. Hier gaan nog niks aan nie. Ons gaan nou met die mense praat.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

13:05 EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0 dit is 5 Golf 2.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur. Bly stuur, 5 Golf 2.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) voortgaan by huis 284 in Qwa-qwastraat, oor.

TWEEDE PERSOON: Roger, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Ja, hier ... (onhoorbaar) konstabel ... (onhoorbaar) oor, konstabel Mpati. Hy sê daar was mense gewees wat in, ... (onhoorbaar) in sy huis ingekom, sy pistool gevat, ... (onhoorbaar) video masjien gevat.

TWEEDE PERSOON: Ja, sy pistool en sy video masjien?

EERSTE PERSOON: Ja, dit is positief. So plus-minus swartes was hier gewees, oor, het ingekom, sy pistool gevat en sy video masjien.

TWEEDE PERSOON: Roger, jy is ontvang.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) oor. Nou sy huis gesien. Hy is nie afgebrand nie en nie aangerand nie, oor.

TWEEDE PERSOON: Roger.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) so plus-minus 11:45 gewees, oor.

TWEEDE PERSOON: Ontvang.

---oOo---

EERSTE PERSOON: Victor 0, ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) asseblief.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) baie dankie.

TWEEDE PERSOON: Maak dit my plesier.

---oOo---

(Telefoon lui, kanaal 1)

13:06 EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL WILLIAMS: ... (onhoorbaar) dit is kolonel Williams. Hoor hier, hoeveel van julle mense bly in Boipatong, swartes?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL WILLIAMS: Hoor hier, maar in elk geval, is daardie mense, hoeveel van hulle is weg? ... (onhoorbaar) huise gaan bewaak?

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL WILLIAMS: Nou moet julle kyk of hulle nie nog verder ... (onhoorbaar) dan brand al die huise af daar.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL WILLIAMS: Jis.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL WILLIAMS: Nee, dit is, ek kan nie vir jou sê nie.

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL WILLIAMS: Ja, die mense wat in Boipatong bly. Dan moet hulle huis toe gaan ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL WILLIAMS: Okay, hoor. Bye.

---oOo---

EERSTE PERSOON: Hello?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

(Telefoon /...

(Telefoon lui. Kanaal 4)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Middag, sersant.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

(Telefoon lui)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: ... (onhoorbaar) al die generale daarso en ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

EERSTE PERSOON: Op hierdie stadium ... (onhoorbaar). Sersant O'Reilly ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

---oOo---

13:08 EERSTE PERSOON: Kolonel Schutte.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar).

KOLONEL SCHUTTE: Hoe gaan dit met jou?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Rustig, my ou maat.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Ek hoor jou.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Nou, na hierdie 150 man wat julle nou skiet, okay, ek is nou nie op hoogte van hulle nie, ek weet nie of 'n ander ou, kaptein dinges, Meyer is nou hierso, hier saam met ons. Nou hoe lank al bly hierdie ous, wat de hel gaan nou aan?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE /...

KOLONEL SCHUTTE: Ag, nee, my magtig!

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Ek het nie 'n probleem nie. Ek reël vir jou. Kry hulle by die tolpad.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Okay.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Julle kom ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Nou, kom aan! (Lag)

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Jy, ons wil nie daardie plek van jou nou ... (onhoorbaar) laat nie.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

13:09 KOLONEL SCHUTTE: Jis, ... (onhoorbaar) jy weet dit ook. Ek het vir Burger gesê, glo jy vir my, verlede week toe sê vir hom, ek sê: "Generaal, ... (onhoorbaar) ..." Ek sê by Johannesburg lê 800. Ek sê ek soek mannekrag. Toe sê hy net so vir my, hy sê vir my: "Ja, wanneer jy nie kan dinge beheer nie dan wil jy mense hê. Doen jou eie werk self." Net so! Dit was sy woorde aan my. Nou skrik hy.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Ja. Kom ons maak dit, hulle sal vir jou 15:00 daar kry?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Okay.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Okay. Ek merk hier op my klein, op hierdie klein Midland. Watter kanaal is jy op die klein Midland?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE /...

KOLONEL SCHUTTE: 50?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Is jy 50 op die klein Midland?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Kanaal 55?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Maar die ouens wag by die tolpad.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Die outjies tel hulle by die tolhek op, 14:30.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Hoeveel radio's het hulle? Het hulle genoeg?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Okay, nou, jy het jou 150. Kom hulle met genoeg voertuie deur?

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Okay, pragtig. Nee, maar ek tel hulle 14:30 vir jou op.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Okay. Die generaal is hier by my, by ... (onhoorbaar), brigadier Venter is hierso. Ons sal dit uitklaar hierso met hulle hierso, dan kom ek terug na kolonel Van der Walt toe.

TWEEDE PERSOON: ... (onhoorbaar)

KOLONEL SCHUTTE: Okay, Bergie, hoor. Mooi bly, hoor, Bye.

---oOo---

(Kanaal 2)

13:07 EERSTE PERSOON: 50, 50, Victor 0. 50, 50, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Victor 0, dit is ... (onhoorbaar)

---oOo---

13:07 EERSTE PERSOON: Victor 0, Victor 0, dit is Fox 2.

TWEEDE PERSOON: Victor 0, bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, is dit Victor 0?

TWEEDE PERSOON: Bevestigend.

EERSTE PERSOON: Ja, kry vir ons magtiging daar ... (onhoorbaar). Ons het nou hierso ... (onhoorbaar) 'n halfuur na 'n driekwartuur se ... (onhoorbaar). Hier is baie mense wat ... (onhoorbaar). Ons wil saam met die weermag op voetpatrollie gaan, op voetpatrollie gaan. Hoor by die brigadier of dit in orde is, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, is dit reg as ek sê julle wil saam met die weermag op voetpatrollie gaan, julle wil net nou magtiging hê?

EERSTE PERSOON: Dit is, dit is bevestigend. Ons wil vyf seksies van polisiemanne indeel vir die weermag en dan wil ons hierdie plek voetpatrollie stap. Hulle is ... (onhoorbaar) in orde is. As hulle die voertuig sien dan hardloop hulle weg, oor. Dan wil ons met voet ingaan, oor. ... (onhoorbaar)

TWEEDE PERSOON: Ja, is dit moontlik om eers jou twee ses te verander en my terug te kontak? Jy kom baie gebroke deur, oor.

---oOo---

13:09 EERSTE PERSOON: Victor 0, Victor 0, dit is Fox 2.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, vir die brigadier, dit is kaptein Meyer wat praat, of ons saam, of ons ons mense kan indeel saam met die weermag en met voetpatrollie, voetpatrollie hierdie gebied ... (onhoorbaar). Hierdie gebied is nie baie groot nie. Hier is baie mense wat ... (onhoorbaar) hierso, maar as hulle die voertuie sien hardloop hulle die hele wêreld vol, oor. Dan kan ons nie moontlik daardie mense met die vuurwapens optel nie, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, kaptein, is dit nou in Boipatong self?

EERSTE PERSOON: Dit is positief, oor. Dit is positief, oor, want hierdie plek, hulle het nog nie op ons geskiet hierso nie, maar hulle wemel van groepe, groepe lyk my, wat wil huise gaan en huise roof. Nou wil ons nie kyk of ons nie kan, of ons hulle kan vastrek op voetpatrollies nie, oor.

TWEEDE PERSOON: Staan by, kaptein, ek vind uit by hom.

---oOo---

13:10 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 5. (Pouse) 5 Hotel. Dit is 5 Hotel 5.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Sersant, ek is ... (onhoorbaar) lid van ons skof wat saam met eenheid 19 se mense is, oor. Ek weet nie of dit moontlik is, of dit moontlik gaan wees dat ek ... (onhoorbaar) moet gaan met sersant ... (onhoorbaar) daardie goed te gaan doen nie, oor. ... (onhoorbaar). Kan ons maar net toestemming vra dat ek onttrek hierso en by 'sant-hulle aansluit, of wat moet ek doen? Oor.

---oOo---

13:10 EERSTE PERSOON: Kaptein Meyer, dit is Victor 0.

KAPTEIN MEYER: Ek staan by. Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, kaptein, die brigadier sê dit is reg so.

KAPTEIN MEYER: So gelees. Baie dankie, oor. Al die Fox voertuie, al die Fox voertuie, beweeg vir my uit na daardie beginpunt by daardie garage. Ons kry julle daarso, oor.

DERDE PERSOON: Fox ... (onhoorbaar)

---oOo---

13:11 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 5.

TWEEDE PERSOON: Bly stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, sersant, ek is die enigste lid van ons

skof /...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.